# Siel Van Die Volk In Sang



*Stukrag van die Asaf-kore vandag: Mnr. J. B. Z. Keet, hoofdirigent en sy eggenote.*

DIT is opmerklik dat die Afrikaner se musieklewe eers in die afgelope paar jaar tot volle ontwikkeling gekom het. Eers sowat 'n halfdosyn jaar gelede het dit 'n georganiseerde vorm begin aanneem. Voor daardie tyd het dit veelal die rigting opgegaan van los konserte en musiekaande. en was daar, met 'n enkele uitsondering of twee, geen groot bewegings wat vastigheid en rigting daaraan kon gee nie. Die groot beweging van boere-orkeste wat vandag so 'n belangrike rol speel in die skepping van 'n populêre Afrikaanse musiek-tradisie, dagteken maar uit die naaste verlede, terwyl die vervaardiging van Afrikaanse grammofoonplate, en die voordrag van Afrikaanse komposisies oor die radio, ook 'n latere ontwikkeling in ons musieklewe is. Daar is egter een belangrike uitsondering op hierdie reël, nl. die bekende Asaf-koorbeweging, wat reeds sowat twintig jaar gelede in die lewe geroep is, en sedert sy totstandkoming 'n sterk, vormende invloed op ons musiek uitgeoefen het.

Reeds in 1919 was Melville by uitnemendheid die Afrikaanse voorstad van Johannesburg. Wel was die Afrikaanse beweging aan die Rand destyds nog maar in sy begin-

## Ontstaan en Groei van die Asaf-kore

stadium, en sou dit hom eers 'n vyftien jaar later voltrek in 'n algemene samehorigheidsgevoel tussen Johannesburgse Afrikaners, 'n gevoel wat hom o.m. sou openbaar in nuwe lewe en roering op taal- en kunsgebied, waarvan die latere Johannesburgse Kunsvereniging, die F.A.K., 'n sterker Afrikaanse pers hier ter stede, die Johannesburgse Afrikaanse Skrywerskring, en ander sterk, invloedryke liggame, getuig; maar die Afrikaanse samelewing was destyds nog in 'n vry ongeorganiseerde toestand, hoewel die drang na nouer samewerking tussen die Afrikaanssprekende groepe hom toe reeds openbaar het in die samekomste wat gereeld gehou is. In Melville was veral die woning van mnr. S. J. Buys (beter bekend as „oom Fanie") die gewilde vergaderplek van Afrikaanssprekendes. Hier het die jongspan van Melville gereeld byeengekom vir sang- en musiekaande, debatsvergaderinge gehou, en die nodige



*Mev. G. Buys, wat 'n toonaangewende aandeel geneem het in die stigting van die Asaf-kore.*

simpatieke aanmoediging gekry om in 'n groot stad wat toe nog in 'n hoë mate vyandig gestaan het teenoor alles wat Afrikaans is, die kulturele belange van die Afrikaner te bevorder na die beste van hul vermoëns.

Aan hierdie geesdrif en idealisme het die Asaf-koorbeweging dan ook sy ontstaan te danke gehad. Mnr. S. J. Buys, sowel as sy seun, mnr. Chris Buys, wie se tragiese en vroeë dood 'n paar jaar gelede 'n diep skok



*Wyle oom Fanie Buys, en sy seun, wyle mnr. Chris Buys, aan wie se ywer die stigting van die Asaf-kore in die eerste instansie te danke is.*

vir sy baie bekendes en vriende in die Goudstad was, was albei geesdriftige liefhebbers van die sang- en musiekkuns; mev. Buys, sy eggenote, was bowendien bekend in Afrikaanse kringe as 'n knap orreliste, wat, net soos haar man en seun, 'n aangebore liefde vir die sangkuns besit het. Uit so 'n atmosfeer moes noodwendig iets goeds gebore word. Die eerste ver-

*deur S. Ign. Mocke*

gadering waarop die stigting van 'n vereniging wat hom in suiwer Afrikaanse vorm sou beywer in die sang- en musiekkuns, ter sprake gekom het, het plaasgevind ten huise van mnr. S. J. Buys, en is op aandrang van sy seun bygewoon deur die lede van die destydse „Jongelingsbond," waarvan mnr. I. J. van der Walt voorsitter, en ds. J. V. Coetsee, leraar van die Geref. gemeente, Melville, erevoorsitter was. Hierdie vergadering is ook bygewoon deur mnr. Gerrit de Vries, ouer broer van mnr. W. de Vries, dirigent van die huidige Melvillese Asaf-koor; mnr. Hendrik van Biljon, mnr. Willie Snyman, e.a. Nadat die heilsame invloed wat so 'n Afrikaanse koorvereniging kan uitoefen op die Afrikaanse samelewing van Johannesburg, in 'n besielende toespraak deur mnr. S. J. Buys uiteengesit is, is deur die vergadering besluit om die „Jongelingsbond" te ontbind, en die stigters daarvan op te neem in 'n koorvereniging. Ds.

(Vervolg op bladsy 38)



*Lede van die eerste Asaf-koor, afgeneem op Weltevreden, Fairlands, tydens 'n uitstappie in 1920.*

GOEIE NUUS VIR
ASMA-
LYERS!
„EPHAZONE"
VERMINER NA 7/6
Na 4 jaar se praktiese toetse op alle soorte van asma in Suid-Afrika, is bewys dat „Ephazone" die mees effektiewe middel is vir Asmatiese toestande. Bring definitiewe verligting binne 'n paar sekonde en beëindig aanvalle binne 10 minute of minder. Bring verligting sonder een uitsondering. Verseker ongesteurde slaap. Maak 'n end aan hyging, wurging, hoes, gouer as enigiets anders. Nou verminder na 7/6 — moenie meer betaal nie. Koop vandag nog 'n fles van u apteker. Skryf om gratis-boekie. — The H. E. A. SMITH DISTRIBUTING CO., LTD., Posbus 6824, Johannesburg.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

# ASAF - KORE

(Vervolg van bladsy 13)

Coetsee het hom sterk ten gunste van so 'n stap uitgespreek, en destyds reeds voorsien watter verrykende en verdiepende krag dit in die Afrikanersamelewing aan die Rand sou word.

Die bestuur van die vereniging is beliggaam in: ds. J. V. Coetsee, erevoorsitter; mnr. I. J. van der Walt, voorsitter; mnr. Chris Buys, sekretaris; mnre. F. Duvenage, Gerrit de Vries, Danie van der Walt, H. van Biljon en W. J. Snyman.

Die eerste moeilikheid waarteen die jong vereniging te staan gekom het, was om 'n bevoegde dirigent in hande te kry. Ná heelwat moeite het die bestuur egter daarin geslaag om die dienste vir hierdie doel te verkry van mnr. Delen, destyds orrelis van die Irene-kerk. Die verkryging van 'n geskikte naam vir die vereniging het die bestuur ook heelwat hoofbrekens besorg. Ná heelwat beraadslagings op vergaderinge is uiteindelik, op die wenk van ds. Coetsee, tans leraar op Potchefstroom, besluit om die vereniging te noem die „Christelike Sangvereniging, Asaf." Ds. Coetsee het die ingewing vir hierdie pragtige naam gekry uit een van die psalms van Dawid, waarin melding gemaak word van die „Oppersangmeester, Asaf."

Noudat die koor behoorlik gekonstitueer was, kon daadwerklik voortgegaan word met die bouwerk. Die vereniging het met rasse skrede vooruitgegaan. Nog voor die dood van oom Fanie Buys, die eintlike vader van die Asaf-koorbeweging, het die vereniging reeds drie takke gehad.

Met die vertrek van mnr. Delen na Pretoria, het egter weer 'n moeilike tydjie vir die vereniging aangebreek, want nou moes hy sonder 'n dirigent klaarkom. Die leemte sou egter nie lank bestaan nie. Deur die ywerige optrede van mnre. Chris Buys en Sakkie van der Walt, het die vereniging weldra daarin geslaag om as sy dirigent die dienste te verkry van mnr. J. B. Z. Keet, wat met sy buitengewone aanleg vir en kennis van musiek, 'n krag van groot formaat sou word in die opbou en bestendiging van die Asaf-kore. Veral gedurende die afgelope paar jaar het die kore aan die Rand onder mnr. Keet se skitterende leiding 'n krag geword in die Afrikaanse kultuurlewe waarmee deeglik rekening gehou moet word. Van die beste Afrikaanse musiek wat hier en elders in Suid-Afrika gelewer is, is in die eerste instansie te danke aan sy fyn, indringende kennis van musiek, en die besielende wyse waarop hy die kore gelei het. As 'n figuur in ons opkomende musieklewe, durf ons sy betekenis nie onderskat nie, want dit is 'n ware woord dat 'n werklik geniale dirigent 'n primêre vereiste is vir die gesonde ontwikkeling en bestendiging van die musiek- en sanglewe van enige jong volk. Vandat hy sy verstand gekry het, was sy liefde vir musiek die oorheersende passie van mnr. Keet se lewe. Reeds in die jaar 1900, terwyl hy aan die staatsdiens in Kaapstad verbonde was, het hy in musiekkringe die aandag getrek deur sy fynontwikkelde smaak en sy omvattende kennis van die musiek- en sangkuns. Ook in Pretoria, waarheen hy in 1903 verhuis het, en 'n paar jaar later in die Goudstad, het hy hom beywer in die eerste instansie vir die bevordering van 'n eie Afrikaanse musieklewe. „Musiek," is mnr. Keet se diepe oortuiging, „is by uitnemendheid die taal van 'n volk se diepste sielelewe. Musiek, sang, dit is die terrein waarop 'n nasie in die diepste sin van die woord homself kan vind." Mnr. Keet glo dat die tyd nou aangebreek het dat die Afrikaanse musieklewe die rigting van georganiseerde, planmatige ontwikkeling sal opgaan. Op die gebied van die populêre Afrikaanse musiek verwelkom hy die groot beweging van Boere-orkeste wat in die afgelope jare soveel veld gewen het, veral in Johannesburg. Op die vlak van die plegtiger klassieke sang en musiek het die Asaf-kore lankal die toekomsrigting aagedui.

Mnr. Keet is op die oomblik verbonde aan die tegniese personeel van die hoofposkantoor, Johannesburg. Sy aande en vrye ure word uitsluitend gewy aan sy lieflingswerk — die Asaf-kore. Bygestaan deur mev. Keet, wat met haar deskundige kennis van en aangebore liefde vir musiek, 'n ware steunpilaar vir die vereniging in die verlede was, is dit sy lewensideaal om die Asaf-koorbeweging te sien as die middelpunt van 'n groeiende jong Afrikaanse musieklewe.

Met die bystand en medewerking van sulke skitterende kragte soos mnr. Wilem de Vries tans dirigent van die Melville-koor, wat deur sy aanleg en belangelose diens veel bygedra het tot die groei en vooruitgang van die kore, ly dit geen twyfel nie dat mnr. Keet vandag reeds baie naby staan aan die vervulling van hierdie ideaal.

Sedert sy totstandkoming het die Asaf-koorbeweging geen gras onder sy voete laat groei nie wat betref aktiewe deelname aan openbare musiek-, sang- en ander funksies. Op Kruger-feeste, in die kerk, op konserte, oor die omroep, op spesiale byeenkomste, was die voordragte deur die een of ander van die Asaf-kore waarvan op die oomblik agt bestaan, nl. Melville, Turffontein, Brixton, Germiston, Alberton, Linden, Johannesburg Oos, Springs en Primrose, altyd een van die grootste aantreklikhede. Onder die bekwame leiding van manne soos mnre. Keet en De Vries, het talle jong Afrikaanse sangers en sangeresse dan ook reeds geleentheid gekry om in die Asaf-kore 'n deeglike musiek- en sangopleiding te kry, en later deur radio-voordragte of individuele optrede op konserte by die breër kringe van die volk bekend te raak. Mejj. Nettie en Sophie Buys (albei telge van die begaafde Buys-gesin) is albei vry bekend aan Radio-luisteraars in Johannesburg en elders; mejj. D. en S. Kruger, Marie Doorewaard, Lena van Eynsbergen, Miemie Verwey en mnr. Andries Kruger, is almal vondste van die Asaf-koor wat later veral in die Goudstad prominent onder die aandag van musiekliefhebbers gekom het.

In mnr. John Connell, die bekende stadsorrelis van Johannesburg, sowel as mnr. Arthur Ellis, wat hom onderskei het deur sy knap toonsettings van Afrikaanse verse, het die Asaf-kore twee kragte gehad wie se medewerking veel gedoen het om die welslae van die vereniging te verseker.

Noudat die fondamente van die Asaf-koorbeweging vir die toekoms gelê is, sal die vereniging die geleentheid hê om sy invloedsfeer uit te brei totdat hy vir die hele Afrikanernasie, en nie alleen vir die stede nie, 'n rigtinggewende krag op musiekgebied sal wees. En as sy werksaamhede eers hierdie omvang bereik het, sal dit 'n magtige faktor kan word in ons kulturele lewe, 'n faktor waarvan die gemis vandag deur elke denkende Afrikaner gevoel word: Want daar is geen ander terrein van ons volkslewe wat vandag nog so ver verwyderd staan van ons breedste lae as ons musiek en sang en die daaraangrensende gebied van ons populêre vermaaklikheidslewe nie. En, saam met die ander, pasgestigte Afrikaanse toneel- en filmbewegings, kan die Asaf-kore veel doen om hierdie groot leemte aan te suiwer.

---

'n Seun skryf in sy opstel dat 'n perd met 'n lang stert meer kan eet as 'n perd met 'n kort stert.

Onderwyser: „Hoe lê jy dit uit, Jannie?"

Jannie: „Dit is so, Meneer. 'n Perd met 'n lang stert kan die vlieë met sy stert wegjaag, terwyl hy eet; maar 'n perd met 'n kort stert moet elke slag sy kop oplig as hy die vlieë wil wegjaag."

* * *

Onderwyser: „Piet, kan jy my sê watter drie woorde word die meeste in die skool gebruik."

Piet: „Ek weet nie."

Onderwyser: „Heeltemal reg."


VOORTREKKER-Eeufees




'N BUITENGEWONE UITGAWE VAN

Singer

AFRIKAANSE PLATE

ELKE SUID-AFRIKANER SAL VERHEUGD WEES OOR

„Daar Kom die Wa"

'N WERKLIK, ROERENDE, EN ONOORTREFBARE LEWERING VAN HIERDIE BEROEMDE AFRIKAANSE WYSIE . . .

GE 299 DAAR KOM DIE WA — Singer-Voortrekkerorkes
VALSE LIEFDE — Welgens Suikerbossie-orkes

GE 292 DIE STEM VAN SUID-AFRIKA
1. DIE TRANSVAALSE VOLKSLIED.
2. AFRIKANERS LANDGENOTE.
Asaf Koor (Turffontein). — Dirigent J. B. Z. Keet

GE 297 OU KIRRIE (Wals).
Ek Wil Terug na die Plaas.
David Lange met Lourens se Outydse Orkes

GE 296 BEKKIE (Settees)
Die Karingvat (Settees).
David Lange met Lourens se Outydse Orkes

Hierdie 4 plate het 'n fraaie „Voortrekker-eeufees"-etiket daarop, wat spesiaal vir hierdie groot gebeurtenis ontwerp is.

'N PAAR GROOT AFRIKAANSE SUKSESSE

GE 293 TI-PI-TIN. RUSBANKIE — David de Lange met Welgens Suikerbossie-orkes

GE 295 JAN PIEREWIET. VROLIKE MUSIEK. — Hansie van Loggerenberg en die Lekker Kêrels

GE 298 DIE LIEFDE-WALS. ROLAND-VASTRAP. — „Appels" De Beer met sy Morester-orkes

SKENK Singer - PLATE

HIERDIE KERSFEES

3/6 elk van Alle Handelaars, orals . . . .

GALLO (Pty)., LTD.

POSBUS 6216 - - - - JOHANNESBURG

DURBAN: Bus 1583 — PORT ELIZABETH: Bus 51 — KAAPSTAD: Bus 2660


Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012